# Mandela oortuig van oorwinning

BRASILIA (Brasilië) – Mnr. Nelson Mandela, president van die ANC, het eergister hier gesê Brasilië gaan sy diplomatieke en handelsanksies teen Suid-Afrika handhaaf.

Mnr. Mandela het op 'n konferensie gesê dat pres. Fernando Collor de Mello beloof het dat die ses jaar oue sanksies sal voortgaan ondanks die stappe wat pres. F.W. de Klerk gedoen het om apartheid te beëindig.

Mnr. Mandela het gesê hy was "baie tevrede met sy ontmoeting met pres. Collor. "Ek gaan vol hoop en oortuig van die finale oorwinning terug huis toe."

Brasilië verbied sport- en kulturele bande met Suid-Afrika. – (Sapa-Reuter).

Beeld 7/8/91